higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

INTERIEURSTYLE EN -STUDIES N5

9 November 2022

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 11 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1.1 C
1.1.2 E
1.1.3 A
1.1.4 B
1.1.5 G
1.1.6 J
1.1.7 D
1.1.8 F
1.1.9 H
1.1.10 I

(10 × 2) (20)

1.2 1.2.1 Angelica Kauffman – Neoklassieke skilder wat 'n suksesvolle loopbaan in Londen en Rome gehad het. Sy word hoofsaaklik onthou as geskiedenisskilder, maar was ook 'n vaardige portret-, landskap- en dekoratiewe skilder. Sy was ook een van die twee vroulike stigterslede van die Koninklike Akademie in Londen in 1768.

1.2.2 Josiah Wedgwood – 'n Engelse pottebakker en entrepreneur. Hy het die Wedgwood-maatskappy gestig. Hy word gekrediteer met die industrialisasie in die vervaardiging van pottebakkerswerk: dit was as gevolg van die verdeling van arbeid dat Wedgwood koste kon verlaag en dit moontlik gemaak het dat sy pottebakkerswerk oral in Brittanje, Europa en Amerika verkoop is. Die hernude klassieke entoesiasme van die laat 1760's en vroeë 1770's was van groot belang vir die bevordering van sy verkope. Sy duur goedere was in groot aanvraag onder die adellikes, terwyl hy nabootsings gebruik het om goedkoper stelle aan die res van die bevolking beskikbaar te stel. Elke nuwe uitvindsel wat Wedgwood geproduseer het – groen glasuur, roomware, swart basalt en jaspis – is vinnig nagemaak. Nadat hy produksie vervolmaak het, het hy ook verkope en verspreiding vervolmaak. Sy vertoonlokale in Londen het aan die publiek die geleentheid gebied om sy volledige reeks tafelgereedskap te sien.

1.2.3 Die Adams-broers – die eerste om 'n geïntegreerde styl van argitektuur en interieur aan te bied: mure, plafonne, vuurmaakplekke, meubels, toebehore, beslag en matte is alles deur die Adams-broer in 'n enkele eenvormige skema ontwerp. Algemeen en verkeerdelik bekend as Adamsstyl, is die korrekte term vir hierdie argitektuur- en meubelstyl die Styl van die Adams-broers ('Style of the Brothers Adam').

1.2.4 Lorenzo Ghiberti – 'n Florentyns-Italiaanse kunstenaar van die vroeë Renaissance is die beste bekend as die skepper van die bronsdeure van die Florentynse Doopkerk wat Michelangelo die Hekke van die Paradys genoem het. Ghiberti is as goudsmid en beeldhouer opgelei en het 'n belangrike werkswinkel vir metaalbeeldhouwerk gevestig.

1.2.5 Andrea Palladio – Italiaanse argitek wat in die Venesiese Republiek aktief was. Palladio, wat deur Romeinse en Griekse argitektuur, hoofsaaklik deur Vitruvius beïnvloed is, word algemeen beskou as een van die mees invloedryke individue in die geskiedenis van argitektuur. Al sy geboue staan in, wat bekend was as die Venesiese Republiek, maar sy leringe, wat in die argitektoniese verhandeling, Die Vier Boeke van Argitektuur, opgesom is, het algemene erkenning vir hom verseker.

(5 × 3) (15)

1.3 1.3.1 Graveerwerk – is die sny van 'n ontwerp in 'n harde, gewoonlik plat oppervlak deur groewe met 'n buryn daarin te sny. Die resultaat kan 'n versierde voorwerp self wees soos wanneer silwer, goud, staal of glas gegraveer word, of dit kan 'n ingesnede ('intaglio-') drukkersplaat van koper of enige ander metaal wees vir die druk van beelde op papier of afdrukke van illustrasies; hierdie beelde word ook graveerwerk genoem. Graveerwerk is een van die oudste en belangrikste tegnieke in die maak van afdrukke.

1.3.2 Akwatinte – 'n intaglio-druktegniek wat 'n variasie is van etswerk wat slegs tonale vlakke eerder as lyne produseer. Om hierdie rede word dit hoofsaaklik saam met etswerk gebruik om buitelyne te skep.

1.3.3 Mezzotinte – is 'n drukproses in die intaglio-familie wat eintlik 'n droëpuntmetode is. Dit was die eerste tonale metode wat gebruik is wat dit moontlik gemaak het om halftone te produseer sonder om lyn- of puntgebaseerde tegnieke soos arsering, kruisarsering of stippelwerk te gebruik.

1.3.4 Delftware – Delftware is een van die tipes tingeglasuurde erdeware of faïence waarin 'n wit glasuursel aangewend word wat gewoonlik met metaaloksied versier is, veral die kobaltoksied wat die bekende blou kleur gee en hoë oondtemperature kan weerstaan en onder die glasuursel aangewend kan word. Dit maak ook deel uit van die wêreldwye familie blou-en-wit erdewerk wat variasies van plantgebaseerde versierings gebruik wat in die 14de-eeuse Chinese porseleinwerk ontwikkel is en in Europa hoog in aanvraag was.

1.3.5 Chroomplatering – is die versiering van argitektoniese elemente, beeldhouwerke, ens. in 'n verskeidenheid kleure. Die term word gebruik om na sekere style argitektuur, pottebakkerswerk of beeldhouwerk in verskeie kleure te verwys.

(5 × 3) (15)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 2.1.1 Trompet – 'n tipe gedraaide meubelpoot, redelik dik met verskeie krommes, wat opwaarts en buitewaarts uitklok en dikwels in 'n bal, bolla of Spaanse poot eindig om 'n omgekeerde trompet uit te beeld; tipies van Barokstyle, veral die Engelse Restourasie en William en Mary; dit is gewoonlik aan tafels, hoë laaikaste en lae laaikaste gebruik met pote wat met 'n serpentynspanstuk verbind is.

2.1.2 Spiraal – 'n Poot wat soos 'n gedraaide tou lyk, of 'n steunpunt met 'n gedraaide afwaartse groef. Dit was oorspronklik van Portugese of Indiese oorsprong en het tydens die Restourasie gewild geword.

2.1.3 Klokdraaiwerk – Gedraaide poot wat 'n omgekeerde klok verteenwoordig wat gewoonlik aan die ent in 'n bal, bolla of Spaanse voet eindig; tipies van Barokstyle, veral die Engelse Restourasie en William en Mary; dit is gewoonlik aan tafels, hoë laaikaste en lae laaikaste gebruik met pote wat met 'n serpentynspanstuk verbind is.

2.1.4 Saamgestelde pote – Stoelpote in 'n groep verskillende style wat die voorkoms van 'n saamgestelde geheel vorm en deur posisie, lyn en vorm esteties aan mekaar verwant is.

(4 × 5) (20)

2.2 2.2.1 Savonarola – ook bekend as 'n Savonarola- of Dante-stoel in Italië, of 'n Luther-stoel in Duitsland, was die X-stoel 'n ligte en praktiese vorm wat deur Renaissance-Europa versprei het. In Engeland het die Glastonbury-stoel 'n X-vorm gehad waar die voor- en agterpote gekruis het, terwyl die X-vorm in Spanje met ivoor en metaal in Moorse ontwerpe ingelê is.
Die gebruik van die naam, Savonarola-stoel, kom van die negentiende-eeuse handelsterm. Girolamo Savonarola is 'n voubare stoel met armleunings wat tydens die Italiaanse Renaissance gestandaardiseer is.

2.2.2 Dante – Dantesca is 'n tipe stoel wat tydens die Italiaanse Renaissance gebruik is. Die armleunings eindig in krulversierings en loop tot teen die rugleuning. Dit is gemaak om te lyk asof dit kan opvou, maar dit is nie die geval nie. Dit het altyd 'n leersitplek en rugleuning. Dit het altyd ook 'n verdikking waar die pote kruis.

2.2.3 Kloostertipe – 'n kleiner stoel wat van gevlegte, reguit dekstroke gemaak is. Opvoustoele is ook van smeeyster met geelkoper versierings met kussings vir sitplekke gemaak.

(5 × 3) (15)

Kopiereg voorbehou

2.3 2.3.1 Hol plafonne – 'n Hol/konkawe plafon is 'n plafon waarvan die voorkoms, waar die plafon die mure ontmoet, verbeter is deur 'n hol kroonlys by te voeg. Dit kan ook 'n gewelfboog genoem word.

2.3.2 Gekassetteerde plafon – 'n Gekassetteerde plafon in argitektuur is 'n reeks panele in die vorm van 'n vierkant, reghoek of 'n agthoek in 'n plafon, soffiet of gewelf. 'n Reeks ingesonke panele is dikwels as versierings in 'n plafon of gewelf gebruik en is koffers/bokse ('caissons') of ruimtes/openinge ('lacunaria') genoem sodat 'n gekassetteerde plafon ook 'n kofferplafon genoem kan word: die krag van die struktuur is in die raamwerk van die panele.

2.3.3 Gewelf – 'n selfondersteunende boogvorm, gewoonlik van klip of steen om 'n ruimte as plafon of dak te bedek. Die eenvoudigste tipe gewelf is die tongewelf wat gewoonlik halfrond is. Die tongewelf is 'n aaneenlopende boog waarvan die lengte langer is as die deursnee.

(5 × 3) (15)
[50]

VRAAG 3

3.1 3.1.1 Rococo – Dit was 'n meer veranderlike en swierige, oordrewe styl van opgesmukte, asimmetriese ontwerpe en pastelkleure wat versier is met verskeie ineengevlegte krulle en teenkrulle wat op die vorm van C's en S'e gebaseer is. Saam met skulpvorms en ander natuurlike fatsoene is 'n verskeidenheid diverse eienskappe geïntegreer wat Oosterse ontwerpe ('chinoiserie' en 'singerie') ingesluit het. Dekoratiewe muurpanele – asimmetriese ontwerp wat die boonste deel van die vorm van 'n vrou se bolip of gebreekte hoeke bevat het. Die vlak en panele was in kontrasterende kleure en patrone – pastelskakerings, klei, strooi, roos, turkoois. Panele was tapisserieë of is geskilder. Die kleure van Rococo was hoofsaaklik bleek soos ligte pastelle, ivoorwit en goud met gereelde gebruik van spieëls om die gevoel van oop ruimtes te skep.

3.1.2 Empire – Franse-empire inkorporeer koninklike elegansie, simmetrie en juweelkleure in die ontwerp. Franse-empirekleure paar donker, ryk skakerings met sagter, gedempte tinte om warmte en kontras in die vertrek te skep. Mure is met vergulde, antieke rame en skilderye uit die Franse-empiretydperk van die laat 1700's en vroeë 1800's behang. Antieke borsbeelde, geelkoper en vergulde muurhorlosies en blomskilderye staan uit teen 'n agtergrond van juweeltone. Mure is behang met tekstiele wat laat dink aan 'n tent, of muurpapier of verfwerk in nabootsing van Pompejaanse-figure en konvensionele ontwerpe. Dado en kroonlyste is gebruik. Indien dit geverf is, is groot friese met klassieke medaljons, vase en menslike figure met delikate kranse, festoene en arabeske ingesluit.

(10 × 2) (20)

3.2 3.2.1 William en Mary – Die William-en-Marystyl is beïnvloed deur die Franse meubeltradisie, wat weer deur die Italiaanse Barokmeubelontwerpe beïnvloed is. Meubels in die William-en-Marystyl beklemtoon eenheid sodat al die elemente tot die oorkoepelende vorm en voorkom bydra. Dit vertoon ook reliëfversiering, sterk krommes en oordadige houtdraaiwerk. Ten spyte van hierdie elemente, is die styl redelik plat en laag, swaar en duidelik stewig. Reguitlyne was algemeen. Verf, kleurstowwe, of verskillende tipes hout is gebruik om kontrasterende kleure te skep wat 'n ander element van hierdie styl is. Verlakking (japanning), 'n vernistegniek wat in dié tyd baie gewild was, is ook in die meubelontwerp gebruik. Vir stoele was geweefde rottangsitplekke en swaar krulle aan die rugleunings oorheersend. Na die einde van die styltydperk is rottangsitplekke en rugleunings met leer vervang en reguit of effens skuins rugleunings is met kronkelvorms vervang. Ander dekoratiewe kuns soos argitektuur, keramiek, silwer en tekstiele was ook elemente van die William-en-Marystyl. Die ontwerpbeweging het 'n baie positiewe uitwerking gehad op die vakmanskap en gehalte van Britse meubels.

3.2.2 Georgiaans – Die Georgiaanse styl is baie veranderlik, maar gekenmerk deur simmetrie en verhouding wat gebaseer is op die klassieke argitektuur van die Grieke en Romeine wat in die Renaissance-argitektuur herleef het. Ornamente was normaalweg in die klassieke tradisie, maar tipies beheersd en somtyds feitlik heeltemal afwesig aan die eksterieur. Die periode het die klassieke argitektuur in kleiner en meer beskeie geboue geïnkorporeer en het aan die einde van die tydperk die Engelse volksargitektuur vir feitlik alle nuwe middelklaswonings en openbare geboue vervang (of het die nuwe volksargitektuurstyl geword). Georgiaanse argitektuur word gekenmerk deur verhouding en balans; eenvoudige wiskundige verhoudings is gebruik om die hoogte van 'n venster in verhouding tot die breedte daarvan of die vorm van 'n vertrek as 'n dubbelkubus te bepaal. Reëlmaat, soos met vormklipwerk (eenvormig gekap) was aan die orde en was deurdrenk met die simmetrie en nakoming van die klassieke reëls. Die gebrek aan simmetrie, waar Georgiaanse byvoegings aan vroeëre strukture gevoeg is, was sigbaar en is as 'n gebrek beskou, ten minste totdat Nash dit in 'n verskeidenheid style ingevoer het. Reëlmaat van die aansig van huise langs 'n straat was 'n wenslike kenmerk van Georgiaanse dorpsbeplanning. Tot aan die begin van die Gotiese herlewing in die vroeë 19de eeu, het Georgiaanse ontwerpe gewoonlik in die Klassieke argitektuur geval en het 'n dekoratiewe skat wat van die Romeine en Grieke verkry is, aangewend.

Kopiereg voorbehou

3.2.3 Victoriaans – Bykomende tot die algemene argitektoniese invloede, was hierdie progressiewe verandering in styl die gevolg van verskeie faktore. In die 1850's het die afskaffing van belasting op glas en bakstene hierdie items goedkoper en toeganklik gemaak, is groottes en metodes gestandaardiseer en kon dit met die spoorweë teen lae koste van plek na plek vervoer word. In die 1850's was daar ook 'n progressiewe instelling van verskeie bouregulasies. Daar was 'n paar algemene kenmerke van Victoriaanse huise:

- Sanitasie: regulasies is ingestel om die belang van sanitasie te beklemtoon, riolering, afvalfasiliteite (die asgat en vullisblik) en toiletfasiliteite in die vorm van 'n buitenshuise toilet of 'n binnetoilet ('water closet') is ingestel.
- Warm en koue water: aan die begin van die Victoriaanse era het sommige huise oor lopende water beskik en was daar 'n stookketel vir warm water. Teen die draai van die eeu, was lopende warm en koue water algemeen.
- Verligting met gas was aan die begin van die Victoriaanse era in baie dorpe beskikbaar. Aan die einde van die Victoriaanse era is baie huise met gas toegerus.
- Kelders met stoorplek vir steenkool wat nodig was vir oop vure en die verhitting van water, was algemeen.
- Skuifraamvensters met groter ruite as die kenmerkende kleiner 6 plus 6 ruite het sedert die 1850's in Georgiaanse en Regency-argitektuur voorgekom.
- Victoriaanse huise is oor die algemeen in terrasse of as losstaande huise gebou.
- Boumateriaal was baksteen of plaaslike klip. Bakstene is in standaardgroottes in fabrieke vervaardig eerder as die tradisionele metode om klei op die perseel uit te grawe en die bakstene ter plaatse te maak.
- Die meerderheid huise het leiklipdakke gehad waarvan die meeste leiklip in Wallis gemyn en per spoor vervoer is. Die kleiteëls wat in sommige huise gebruik is, was plaaslik beskikbaar.
- Plantegroei en klein tuine is dikwels by Victoriaanse huise geïnkorporeer aangesien die natuur as deel van die voorstedelike ideaal hoog aangeslaan is.

(3 × 10) (30)
[50]

VRAAG 4

4.1 4.1.1 Paleis van Versailles

Die Ambassadeurstrap was die ingang na die koning se amptelike woonplek – 'n geskikte ingang aangesien die grootsheid daarvan by die grootsheid van die woonplek gepas het. Die Ambassadeurstrap (Escalier des Ambassadeurs) is vanaf 1674 gebou maar is eers in 1680 voltooi. Hoewel dit deur die argitek, Louis Le Vau, ontwerp is, is die trap deur François d'Orbay gebou en deur Charles Le Brun geverf. Die trap was die ingang na die koning se verblyf en was die amptelike ingang na die kasteel, wat spesifiek ontwerp is om buitelandse hooggeplaastes te verstom en beïndruk.

Die koning se verblyf
Die konstruksie van die spieëlsaal tussen 1678 en 1686 het saamgeval met groot veranderinge aan die woonplek. Dit was oorspronklik vir sy verblyf bedoel, maar die koning het dit na galerye vir sy beste skilderye en 'n ontvangslokaal vir howelinge verander:
Die Salon van Herkules
Die Salon van Oorvloed
Die Salon van Venus
Die Salon van Mercurius
Die Salon van Mars
Die Salon van Apollo
Die Salon van Diana

Privaatverblyf van die koning en koningin

Privaatverblyf van die koning

Die koning se verblyf was in die hart van die kasteel; dit was op dieselfde plek as Lodewyk XIII, die skepper van die kasteel, se kamers op die eerste vloer. Dit is in 1683 vir die persoonlike gebruik van Lodewyk XIV afgesonder. Hy en sy opvolgers, Lodewyk XV en Lodewyk XVI, het die kamers vir amptelike funksies soos die monarg se seremoniële ontwaking ('lever') en slapenstyd ('coucher') wat deur skares howelinge bygewoon is, gebruik.

Toegang tot die koning se verblyf was deur die spieëlsaal uit die Oeil de Boeuf-voorkamer en verby die wagkamer en die Grand Couvert, die seremoniële vertrek waar Lodewyk XIV dikwels alleen aan die tafel voor die vuurherd sy aandete genuttig het. Sy lepel, vurk en mes is in 'n goue kassie gebring. Die howelinge kon aanskou hoedat hy eet.

Privaatverblyf van die koningin
Die 'Petit Appartement de la Reine' is 'n suite kamers wat vir die persoonlike gebruik van die koninging gereserveer is. Dit is oorspronklik vir gebruik deur Marie-Thérèse, metgesel van Lodewyk XIV, gereserveer, maar die kamers is later vir gebruik deur Marie Leszczyńska en uiteindelik Marie-Antoinette aangepas. Die koning en koningin se verblyf is volgens dieselfde ontwerp uitgelê met sewe vertrekke in elke suite. Die plafonne van albei suites is met tonele uit die mitologie beskilder: manlike figure in die koning en vroulike figure in die koningin se suite.

Die Groot Galery
Drie oordrewe versierde ontvangslokale was bedoel vir die viering van Lodewyk XIV se politieke en millitêre suksesse en is gebruik vir belangrike seremonies, vieringe en onthale:
Die Salon van Oorlog
Die Spieëlsaal ('Galerie des Glaces')
Die Salon van Vrede

Ander geboue by Versailles sluit die volgende in:
- Koninklike Kapel
- Koninklike Opera
- Die Museum van die Geskiedenis van Frankryk
- Tuine en fonteine

- Die Parterre d'Eau en die Parterre en Fontein van Latona
- Die fontein van die strydwa van Apollo en die groot kanaal
- Noordelike Parterre, Bad van Dragon, en Bad van Neptunus
- Suidelike Parterre en die lemoenboord ('Orangerie')

- Die Bosk of Boorde
- Die Groot Trianon ('Grand Trianon') en die Klein Trianon ('Petit Trianon')
- Die klein dorpie van Marie Antoinette ('Le Hameau de la Reine') (20)

4.1.2 St. Peter se Basilika – St. Peter se Basilika is 'n kerk in die Renaissance-styl aan die westekant van die Tiberrivier en naby die Janikulumheuwel en Hadrian se Mausoleum. Die sentrale koepel oorheers Rome se kimlyn. Die aanloop tot die basilika is St. Peter se Plein, 'n voorplein in twee dele wat deur hoë suilegange omring word. Die eerste ruimte is ovaal en die tweede trapesoïdaal. Die fasade van die basilika met reuse suile is aan die einde van die plein met 'n trapaanloop waar twee standbeelde van 5,55 meter (18,2 voet) van die 1ste eeu se apostels na Rome, Sint Peter en Sint Paulus, staan.

Kopiereg voorbehou

4.1.2 Die basilika is kruisvormig met 'n verlengde skip in die vorm van 'n Latynse kruis, maar die vroeëre ontwerpe was vir 'n sentrale struktuur wat steeds in die argitektuur sigbaar is. Die sentrale ruimte binne en buite word oorheers deur een van die grootste koepels in die wêreld. Die ingang is deur die ingangsaal wat oor die hele gebou strek. Een van die versierde bronsdeure uit die ingangsaal is die Heilige Deur wat slegs tydens herdenkings oopgemaak word.

Die binnekant is enorm in vergelyking met ander kerke. Een outeur het soos volg geskryf: 'n Mens besef dit geleidelik – soos jy kyk hoe mense na die monumente aankom, lyk dit asof hulle skielik krimp; hulle lyk, natuurlik, soos dwerge langs alles in die gebou. Dit is wat 'n mens oorweldig.'

Die skip wat na die sentrale koepel lei, is in drie vakke, met pylers wat die tongewelf, die hoogste van enige kerk, ondersteun. Die skip word omraam deur wye loopgange waaruit 'n aantal kapelle lei. Kloksgewys is die kapelle soos volg: Die Doopkerk, Die Kapel van die Voorstelling van die Maagd, die Groter Koorkapel, die altaar van die Verheerliking, die Clement-kapel met die altaar van Sint Gregorius, die ingang na die Sakristie, die Altaar van die Leuen; vanaf die dwarsvleuel links – die Altaar van die Kruisiging van Sint Peter, Sint Joseph, Sint Thomas, die Altaar van die Heilige Hart, die Kapel van die Madonna van Column, die Altaar van Sint Peter en die Verlamde, die Koornis met die Koor van Sint Peter, die Altaar van Sint Peter en die Opwekking van Tabitha, die Altaar van Sint Petronilla, die Altaar van die Aartsengel Michael, die Altaar van die Klein Skip; vanaf die dwarsvleuel regs – die Altare van Sint Erasmus, Sint Processo en Sint Martiniano, en Sint Wenceslaus, die Altaar van Sint Jeronimus, die Altaar van Sint Basilius, die Gregoriaanse Kapel met die Altaar van die Madonna van Succour, die groter Kapel van die Heilige Sakrament, die Kapel van Sint Sebastiaan en die Kapel van die Pietà.

Die monumente, in klosgewyse rigting: Maria Clementina Sobieski, Die Stuarts, Benedict XV, John XXIII, St. Pius X, Innocent VIII, Leo XI, Innocent XI, Pius VII, Pius VIII, Alexander VII, Alexander VIII, Paul III, Urban VIII, Clement X, Clement XIII, Benedict XIV, St Peter (Brons beeldhouwerk), Gregory XVI, Gregory XIV, Gregory XIII, Matilda of Canossa, Innocent XII, Pius XII, Pius XI, Christina van Swede, Leo XII.

In die middel van die basilika, onder die hoë altaar, is die Confessio of Kapel van die Bekentenis; met verwysing na Sint Peter se bekentenis van sy geloof, wat tot sy martelaarskap gelei het. Twee geronde marmertrappe lei na hierdie ondergrondse kapel op die vlak van die Konstantynse kerk en reg bokant die beweerde graf van Sint Peter.

Kopiereg voorbehou

Die binnekant van die basilika is ryklik versier met marmer, reliëfs, argitektoniese beeldhouwerk en vergulding. Die basilika bevat 'n groot aantal grafte van pouse en ander bekende mense waarvan baie as uitmuntende kunswerke beskou word. Daar is ook 'n groot aantal beeldhouwerke in nisse en kapelle, wat Michelangelo se Pietà insluit. Die sentrale kenmerk is 'n baldakyn of troonhemel oor die Altaar van die Pous wat deur Gian Lorenzo Bernini ontwerp is. Die koornis loop uit in 'n beeldhou-ensemble wat ook deur Bernini ontwerp is, en bevat die simboliese Koor van Sint Peter.

(2 × 20) (40)

4.2 Mahonie was die voorkeurhout van kabinetmakers in die 18de eeu. Ontwerpers en kabinetmakers het die eienskappe van die hout aangewend om meubels te skep wat 'n nuwe standaard gestel het ten opsigte van ontwerp en vakmanskap. Die Mahonietydperk beslaan die werk van groot ontwerpers en kabinetmakers soos Kent, Vile, Cobb en natuurlik, Chippendale. Dit word dikwels die Goue Era van Engelse Meubels genoem en was beslis 'n tydperk waarin Engelse meubels met rasse skrede ontwikkel het ten opsigte van ontwerp en konstruksie – die gehalte en kenmerke van mahonie is ten beste gebruik en daarom word dit as die koning van meubelhout beskou. (10)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150

GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou